

Die Gelooftevolk binne dogmatiese verband

Dr.Ronnie vd Merwe, Majuba 2012

As ons kyk na die verdeeldheid van ons volk dan is daar verskeie bydraende faktore wat hierdie broedertwis in stand hou.

Gesien dat die VV'S die rigting ingeslaan het dat ons volk JHWH(DIE HERE)se aangesig moet soek en ons volk Sy vryheid slegs kan verkry deur terug te keer na die uitvoering van ons volksgeloftes - dan staan daar in **rooi letters** oor ons vryheidstrewes geskrywe: "Hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind." (1 Joh. 2:11)

In die partypolitieke bedeling waarin ons gestaan het tot en met ons ondergang in 1994, was ons almal met blindheid geslaan.

Ons was self vir ons politieke ondergang verantwoordelik. Selfs nou wanneer ons in benoudheid verkeer is daar nog geen eensgesindheid oor die pad wat geloop moet word nie. 'n Groot **proporsie** van ons volk wil onsigbaar voortgaan met die lewe in hierdie bedeling waarin die swart haat vir die witman hoogty vier en waarin ons ranke grondwetlik afgekap is van Christus. Die wat hulle wil ontworstel uit hierdie dwingelandy verskil onder mekaar oor die pad wat na vryheid sal lei. Een van die paaie is ingeslaan sedert die volk bymekaar geroep was by Vegkop 2009. Die Vegkop-vergadering en die daaropvolgende twee by Nampo en Orania het besluit die fisiese vrywording se aanloop moet begin by die geestelike (restourasie) herstel van die volk sodat 'n volkshuishouding ooreenkomstig die Bloedrivierverbond tot stand kan kom.

Hierdie Huis van Bloedrivier kan nie tot stand kom met verdeeldheid nie, want die stigting het juis ten doel dat JHWH(DIE HERE) by ons as 'n volk sal kom woning maak deur die Seun Wie se Koningskap deur ons volk begeer sal word. Dan moet ons in Sy lig wandel. Maar as ons sê dat ons in Sy lig is en ons broeders mekaar verafsku, dan lieg ons vir mekaar en verkeer ons steeds in die duisternis (1 Joh. 2).

Wanneer ons nou die pad van geestelike herstel wil begin loop duik daar 'n nuwe strydperk onder mekaar op, naamlik die van geloofsoortuiging - alles op grond van dieselfde Bybel wat die lig vir ons almal se pad moet wees. Hierdie saak moet uitgeklar word anders is daar vir ons geen dageraad in die vooruitsig nie.

Die oënskynlike twee uiterste pole van veragting is die sg. Gereformeerde gelowiges en die sg. Israel-visie gelowiges. Hierdie reeks van geloofsbeskouings word almal gemotiveer uit dieselfde Heilige Skrif. Die enorme getal Christen-denominasies kan alleenlik net een oorsaak hê, naamlik die leerstelligheid van die mens wat leerstukke vas omlyn en dan daaraan vashou as 'n bevestigde beginsel waaraan dan denomatief gevolg gegee word.

Daar is net een hoop vir ons volk, nl. eensgesindheid m.b.t. die sentrale saak van die ganse Bybel, nl.: "Elkeen wat bely dat Jesus/JaHashua die Seun van God (JHWH) is - God bly in hom en hy in God." (1 Joh. 4:15) "Deur Hom het ons Vader Sy liefde tot ons geopenbaar en deur Hom alleen sal ons kan lewe." (1 Joh. 4:9)

Almal wat ongekwalifiseerd in Hom glo word die Nuwe Verbond deelagtig wat JHWH(DIE HERE) deur Sy profete aan Sy volk belooft het.

Wanneer ons in hierdie Nuwe Verbond Christus deelagtig word kan ons met geloofsvertroue die handeling van JHWH(DIE HERE)met Sy volk Israel en die profetiese Woord op ons self van toepassing maak. Dan is ons roem in Christus en nie in ons self nie, omdat ons dan bewus word van die onbegryplike en onuitspreeklike genade om 'n uitverkorene in Sy koninkryk te wees. - Om deel te wees van die nakroos wat deur Sy soenoffer voor JHWH(DIE HERE)in geregtigheid geplaas sou word sodat ons deur Sy verdienste deur die Wet van JHWH(DIE HERE) kan lewe.

Laat ons dan op hierdie gronde versoenend teenoor mekaar optree. Laat ons gedurig in aanmerking neem dat Christus, ons Messias, aan niemand die alleenreg toegeken het om die Evangelie van verlossing te verkondig nie. Wanneer Sy dissipels meen dat hulle hierdie alleenreg het en by die Meester aanhangig maak dat iemand wat hulle nie volg nie in die Naam van Christus duiwels uitdryf en dat hulle hom belet het, dan antwoord die Messias hulle - "moet hom nie belet nie, want wie nie teen ons is nie, is vir ons." (Mark. 9:38 – 40)

Laat ons mekaar respekteer en liefde teenoor mekaar openbaar rondom hierdie kernaspek van ons geloof.

Wanneer ons nou ons geestelike restourasie in oënskou neem in die begeerte asook die pligsbesef om uitvoering te gee aan die Geloftes en dus Heilige kontrakte met ons Skepper en Redder moet ons egter weet wie ons is en waarvandaan kom ons. Hierdie Heilige kontrakte het binding op ons as individue maar daar is ook 'n groepsgebondenheid en groepsverantwoordelikheid wat sal moet uitloop op groepsversugting wat neerslag sal moet vind in groepsoptrede.

Daarom is dit noodsaaklik dat ons besin oor die geestesgesteldheid van hulle wat die Geloftes gedoen het en wie hulle was.

Nepgen het in 1938 in opdrag van die Christen-Studentevereniging van S.A. uitgebreide navorsing oor die Afrikaner gepubliseer. Hy skryf onder andere die volgende: "By die Voortrekkers het dit vas gestaan dat hulle 'n uitverkore volk met 'n besondere roeping is. Hulle het daarna gestreef om die voorskrifte van God se Woord na te kom. Hulle het ook vir hulle self die beloftes wat God aan die Israeliet beloof het, toegeëien." J.F. van Oordt (Paul Kruger) sê dat Andries Potgieter van Godsvolk gepraat het: "myn broeder die my opvolgen zult, leid Godsvolk in nederigheid..." Paul Fredrieg skryf in 1875: "De Boeren zijn streng godsdienstig en hou den vast aan die oud-gereformeerde letterlyke verklaring van die Skriften. Zy meenen het uitverkore volk te zijn en den beloften van die Bybel zijn, gelooven zy, alleen op hen van toepassing." D. Mackenzie sê: "No one who has freely and for years mingled with this people can doubt that they have persuaded themselves by some wonderful mental process that they are God's chosen people."

Met die aanloop tot die Geloof van Bloedrivier het ons dus hier 'n geestelike binding wat vergestalt in 'n onbetwisbare biologiese karakter wat fisiese omlyning en groepsoptrede ten grondslag lê. Tobie Muller (B.B. Keet) sê na aanleiding hiervan dat dit grotendeels die godsdien sin van ons vaders was wat hulle daarvan bewaar het om hulle ras te meng met die massa heidene waaronder hulle verkeer het.

Wanneer ons vanuit hierdie agtergrond ons verantwoordelikheid aanvaar om die Geloftes ten uitvoer te bring - dan doen ons dit met persoonlike verantwoordelikheid maar die dimensie waarin die Geloftes aangegaan is en tot uitvoering gebring moet word vereis duidelik omlynende groepsoptrede. Ons kan dus nie 'n fisiese lewende Huis van Bloedrivier oprig nie tensy ons as Gelooftevolk in eensgesindheid gaan optree nie.

Hierdie fisiese optrede van ons as etniese geloofsgeroepenes bring ons ongetwyfeld in die kader van God se uitverkore volk - 'n takkie aan die Suidpunt van Afrika.

Dan moet ons as volk aan ons Vader gehoorsaam wees en vir Hom as volk lofoffers bring. Dan moet ons, soos ons vaders, as volk in ons hele huishouding daarna streef om die voorskrifte van Sy Wood na te kom soos Hy vir Sy volk voorskryf. Dan is ons niks anders as Sy volk nie.

Nou vind ons by ons eie volkgenote 'n vrees dat ons met hierdie benadering die vrymag van God se genade wil inperk. Hiermee sê ons dat die redbaarheid en die redding van mense uit ander volke in die Hande van ons Hemelse Vader is net soos Sy bemoeienis met ons as Sy Verbondsvolk net louter genade is.

Hierdie Gelooftevolk kan ook net dien as 'n lig vir die nasies indien die vreemdeling met die nodige respek behandel sou word, maar sonder dat die Volkshuishouding geaffekteer en op risiko geplaas

word. Ons kan nie ons primêre plig om ons eie huise en eie volk te evangeliseer nalaat weens onenigheid oor die redbaarheid van vreemdes terwyl ons eie verlore gaan nie.

Paulus stel dit teweens ook aan die Thessalonicense – 1 Thes 4 .“Stel julle eer daarin om julle eie sake te behartig en met julle eie hande te werk - sodat julle welvoeglik kan wandel teenoor die wat buite is.”

Hieruit is dit ook duidelik dat die verbod op die leer van Biliam nog net so geldig is vir God se Volksgemeente as wat dit was in die tyd van Moses of die waarskuwing deur Christus aan die gemeente van Pergamus in die Boek van Openbaring. Fisiese vermenging van God se Volksgemeente met die wat buite is korrupteer die godgerigte funksionaliteit van Sy volk en bring sonder uitsondering mee dat JHWH(DIE HERE) se drumpel gelyk gemaak word met dié van afgode soos ons dit nou weer het. Dus moet ons as Geloftevolke se Huis van Bloedrivier as Huis vir JHWH(DIE HERE) fisies ongekontamineerd bly.

As Geloftevolke met ons biologiese identiteit is ons as volk aanspreekbaar vir wanoptredes binne die volk wat die vrugte sal wees van verloopte geestelike onderbou en verwaarloosde lojaliteit aan ons Vader in volksopvoeding en volksadministrasie. Maar net so ook kan ons as volk ons Vader se seëninge verwag op grond van Sy beloftes.

Kom laat ons verenig as Geloftevolke in liefde, eensgesindheid en wedersydse respek (afgesien van die leerstelling waarin ek JHWH(DIE HERE)dien) rondom die kern van ons geloof, naamlik: “Elkeen wat bely dat Jesus/JaHshua die Seun van God is - God bly in hom en hy in God.” Wanneer JHWH(DIE HERE) die burgers van Gelofteland verenig in die Huis van Bloedrivier kan ons met reg glo wat Petrus sê: “Julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig.” (1 Pet 2:9)

Bron: Bybel 1933/53 Afrikaanse Vertaling

Fredrieg, Paul; Zuid-Afrika

Mackenzie, D.; South Africa

Muller.T.; B.B.Keet

Nepgen,c.c.:(1938) Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes

Swanepoel, P.R. en Groenenstein, P.C.(2011) Die Outentieke weergawe van die Bloedrivier Geloofte(1838)

Van Oordt,J.F.; Paul Kruger